Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# GALASIËRS - WERKLIK VRY

Deel 5 – Nuwe Lewe van Liefde

**Galasiërs 5:1** Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees…

## Lewe van Liefde

**Romeine 7:4** Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan julle nie meer onder die wet nie. Julle behoort nou aan iemand anders, aan Hom wat uit die dood opgewek is.

**Romeine 7:6** Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie. Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van wetsvoorskrifte nie.

**Galasiërs 5:1-4** Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie. Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie. Ek sê dit weer nadruklik vir elkeen wat hom laat besny: Hy is verplig om die hele wet van Moses te onderhou. Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur.

**Galasiërs 5:9** 'n Bietjie suurdeeg deurtrek die hele deeg.

**Galasiërs 5:6** In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan.

**Johannes 13:34** Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.

**Johannes 13:35(AOV)** Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.

**Galasiërs 5:13-14** Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde. Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

**Galasiërs 5:16** Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.

**Galasiërs 5:25** Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.

**2 Korintiërs 3:17** …waar die Gees van die Here is, is daar vryheid.

## Lewe deur die Gees

1. Dit vereis dat ek ______________________.

   **1 Korintiërs 3:23** maar julle behoort aan Christus...

   **Galasiërs 5:24** Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig.

2. Dit vereis dat ek ______________________.

   **Psalm 119:105** U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.

3. Dit vereis dat ek ______________________.

   **Jesaja 30:21** Wanneer jy die regte koers verlaat, sal jy agter jou 'n stem hoor sê: "Hier is die pad, loop hierlangs."

4. Dit vereis dat ek ______________________.

   **Jakobus 1:22** Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.